VAN ONS SUSTERS

SUSTERSVERGADERING

Dinsdagaand 6 Februarie om 18:30. Tema: *Hulle benodig nou jou hulp!*
Spreuke 3:27, 28 sê: "*Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê: 'Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou' as jy nou reeds kan help nie.*"
Die Here beveel ons baie duidelik dat as dit enigsins moontlik is moet ons iemand in nood vandag nog help. Daar is baie plekke waar jy betrokke kan raak. Kom hoor Dinsdagaand hoe jy mense deur **Helpende Hand** kan help. Die streekbestuurder van **Helpende Hand** in Noord-Wes is die spreker by hierdie maand se Sustersvergadering. Kom luister na hoe jy mense in nood kan help. Bring sommer ook kruideniersware en skoonmaakgoed vir ons koskas.

NAGMAALETE

Die Susters versorg hierdie keer die Nagmaalete.
Gee jou naam op by Karin of Nelly as jy wil help met die voorbereiding.

Wyksusters word benodig
In elke wyk werk die ouderling, diaken en wyksuster as 'n span saam. Om ons spanne op vol sterkte te hou, benodig ons 'n paar nuwe wyksusters. Neem gerus vrymoedigheid en kontak Nelly 072 733 5017 of Karin 082 532 1620 indien jy graag jou dienste wil aanbied of wil gesels oor wat die werk behels. Wyke B5 en E2 is vakant.

SUSTERSAAMTREK

Aangebied deur Gereformeerde Kerk Cachet
Susters word hartlik uitgenooi na die Sustersaamtrek.
TEMA: *" Skuil onder God se vleuels"*
Spreker: Prof Henk Stoker
Datum: 10 Maart 2018. **Plek:** Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Koste: R 120 pp. R100 vir studente. **Registrasie** 08:30 – 09:00
Gee jou naam op as jy die Saamtrek wil bywoon. **Lys is in die saal.**

Kom drink lekker tee/koffie na die oggenddiens.

Susters van wyke B3 en B4 versorg vandag die tee. Wyksuster van B3 is **Marie Coetsee** en B4 is **Marié Badenhorst**.
Ons vra dat lidmate van hierdie wyke ook kom help.
Ons nooi nuwe lidmate om te kom om kennis te maak.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 3 Sondag 4 Februarie 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Chris van Ryssen** A3, **Kobus Havenga** A4, diaken vir wyk A3 vakant, A4 **Rudy van der Spoel.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **B3 en B4.** Wyksuster van B3 is **Marie Coetsee** en B4 is **Marié Badenhorst**. **Lidmate van dié wyke word gevra om te help.**
Bussiediens: Vandag ry **Ruan Drijfhout** 082 924 6812
Sondag **11 Februarie** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Mattheus 5:1-12; 2 Korinthiërs 7:2-11
Fokusgedeelte: Mattheus 5:4; 2 Korinthiërs 7:10
TEMA: ***Nou reeds getroos met die hoop op volkome troos*.**
SING: Vooraf: Psalm 34: 1, 8; Psalm 119: 49.
Lofpsalm: Psalm 89: 1, 3
Verootmoediging: Psalm 130: 1 - 4
Voorbereiding vir Woorddiens: Psalm 116: 1, 4, 5
Voor uitstuurseën: Skrifberyming 9: 1, 5, 6 (Tema 18 - 1)

AAND: Skrifgedeelte: 1 Korinthiërs 11:17-34
Fokusgedeelte: 1 Korinthiërs 11:27
Nederlands Geloofsbelydenis: Artikel 35
TEMA: ***Nagmaal is gemeenskap met Christus tot die lewe.***
SING: Psalm24: 1 – 3; Psalm 119: 29, 35; Psalm 107: 1, 2, 4

LIEF EN LEED

Dana Du Plessis het 'n gewas in sy nek ontwikkel wat die motoriese funksie van sy

Dagboek
4 Febr: **Kerkraad vergader na aanddiens**
5 Febr: **Diakonie vergader Maandagmiddag om 16:00**
6 Febr: **18:30 Susters vergader in saal.**

bene aangetas het. Hy is Woensdag geopereer in Pretoria-Oos hospitaal. Ons is baie dankbaar dat die operasie goed afgeloop het en dat die gevoel in sy bene herstel is. Die dokters sal nog bepaal wat met die oorblywende gedeeltes van die gewas gedoen moet word. Aanduidings is dat die gewas nie kwaadaardig is nie. Ons dank die Here saam met Dana en Wilmarie.

Lina de Bruyn is die afgelope week opgeneem in die hospitaal nadat sy geval het. Sy is intussen ontslaan en verskuif nou na kamer 20 van die Huis Eikelaan se versorgingseenheid. Ons bid vir haar en vir Marietjie en Kobus die Here se krag en sorg toe.

Flippie van der Walt het die afgelope tyd baie verswak. Haar kinders los mekaar af om deurlopend by haar te wees. Ons dink in ons gebede aan haar.

Minke Kruger is steeds in Medi-Clinic. Haar nierfunksie is baie swak, maar sy is moedig. Mag die Here vir haar en Gert Gert ☏ 082 699 6591 ryklik vertroos in sy liefde.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Jeugsorg**
Volgende week is die kollekte die oggend vir **Dankbaarheidsfonds**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens.**

KATEGESE

Vandag moet julle **Les 3** en **Psalm 33: 6** ken.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 31
Volgende Sondag moet julle **Les 4** en **Psalm 34: 1** leer.
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 16:00 – 16:40

BYBELSTUDIES

Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Ons Bybelstudies hervat weer vir die komende jaar.
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:00 in konsistorie.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Die ete wat die Susters maak is altyd 'n heerlike lafenis in die warm somer. So sal dit DV ook wees op **18 Februarie om 12:00.**
Johan du Plessis sal die besprekings behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600.
Die koste is **R 30** per persoon.

ATTESTATE ONTVANG:

Vanaf die Gereformeerde Kerk Mooirivier **Pieter en Mabel Glöy** Hulle is in wyk A3. Ouderling Chris van Ryssen, diaken vakant en die wyksuster isFrieda van der Walt.
Vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet: **Adriaan Broodryk** Hy is in wyk D1 met ouderling Tom Chambers, diaken vakant en die wyksuster is Jozelle Smit.
Vanaf die Gereformeerde Kerk Hendrina: **Retha van Wyk.** Sy in in wyk D1. Die ouderling van D1 is Tom Chambers, diaken vakant en die wyksuster is Jozelle Smit.

Baie welkom in ons gemeente

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir Barmhartigheid Sondag 28 Januarie 2018 was R 6 190 en die kollekte ten bate van die Dankbaarheidsfonds was R 2 760.
KOSKAS Die diakonie se kas is dolleeg na die vakansie. Help die Diakonie sodat hulle kan sing: *"Opstaan, opstaan dis 'n heerlike dag!"* By hierdie liedjie pas koffie, tee, suiker en langlewe melk. Ons wil u tog vra om nie in grootmaat te koop nie, want dis moeilik om die koffie dan uit te deel tussen almal. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk. Hierdie is slegs 'n voorstel en 'n beginpunt.

SAVF Ons Hulde -- Vrydag kosverkoping

Vrydag 09 Februarie 2018: Lekkerrrrr, Geurige Kerrie & rys!!! **– R25**
Bestellings voor Woensdag 07 Februarie 2017
om 17h00 (5nm.), by E-pos: onshulde.marketing@savf.co.za
óf SMS: 062 4644 931 (Debbie). Aflewering : Vrydag voor 13h00
Baie dankie vir jou ondersteuning!!! Ons het jou ondersteuning steeds nodig!!!

VERGADERINGS
4 Februarie: Kerkraad vergader na die aanddiens.
5 Februarie: Diakonie vergader om 16:00 in die saal.
Beplanningskommissie vergader om 17:30
6 Februarie: Sustersbyeenkoms om 18:30 in kerksaal.
11 Februarie: Voorbereidingdiens vir nagmaal.
Kerkraad en Diakonie vergader na die aanddiens
18 Februarie: NAGMAAL en gemeente-ete

Bybelstudie vir ouers met klein kinders
(0 tot 10 jaar)
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30 by
Beyers Naudelaan 38 (of soos anders gereël).
Ons behandel die week *1 Timotheüs 3.*
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende die week verjaar baie geluk met hul verjaardag

4 Febr **Gerrit Badenhorst,** Molenstraat 29, ☎ 082 850 7491
Pieter Hugo, Limerick li 4, ☎ 083 341 4488
5 Febr **Marilena Theron,** P Mokabastraat 39, ☎ 082 789 3420
Jan van der Schyff, Miederparkwoonstel 19, ☎ 083 417 4085
6 Febr **Jan Chambers,** VascoVilla 8, ☎ 082 722 5828

KLEIN KERKIE

Ons het 'n wonderlike kultuurskat hier op die kerkterrein. Ongelukkig het min mense al daar gaan loer en dikwels vergeet ons van die pragtige kerkgebou.
Donderdagaand, 8 Februarie om 17:30 gaan ons vergader om die toekoms en bewaring van ons kerkie te bespreek. As jy betrokke wil raak, kontak asseblief vir Leonie Malan 073 376 5321 of kom woon ons vergadering by. Natuurlik hou ons die vergadering in die Klein Kerkie.

Ita Schulze het 'n kort reeks artikels geskryf oor *die Israeliete in die wildernis* voordat die ark gebou is. Ons plaas die artikels graag in die volgende uitgawes.

Veertig jaar in die wildernis.

Inleiding. *Deur Ita Schulze*

Abram is gebore ongeveer 1800 v. C en is deur God beveel om na Kanaan te trek. Daar het God hom Abraham genoem en beloof dat hy die vader van 'n menigte sal word. Later het sy nageslagte hulle in Egipte bevind omdat daar hongersnood in Kanaan was. In Genesis 47:6 lees ons dat die Farao aan Josef beveel het om aan sy vader en sy broers die beste land te gee: '…hulle kan in die land Gosen woon.' Genesis 47:11 'En Josef het vir Jakob en sy broers woonplekke aangewys en aan hulle besitting in Egipteland gegee, in die beste deel van die land…' Gosen is geleë aan die noord-oostelike deel van die Nyldelta in die Wadi Tumeilat.

Abram se nageslag het vierhonderd-en-dertig jaar lank in Egipte gewoon (Exodus 12:40). Maar, '…hulle het vermeerder en buitengewoon magtig geword...' Exodus 1:7. Toe het die Farao hulle belas met slawe-arbeid sodat hulle nie so kon vermeerder nie (Exodus 1:10) en hy het hulle gedwing om voorraadstede te bou in Pitom en Raämses (Exodus 1:11). Die Israeliete het daarvandaan getrek.



Israeliete as slawe.

Die naam van die Farao word nie in die Bybel genoem nie maar uit die geskiedenis is dit bekend dat sy naam Ramses III of Thutmoses III was. Op God se bevel en onder Moses se leiding het die Israeliete uit Egipte getrek in 1446 v. C, (so word bereken 1 Konings 6:1.) Vierhonderd-en-tagtig jaar later het Salomo '…die huis vir die HERE gebou.'
Aan Moses het God bevele gegee oor hoe die Israeliete hulle as sy kinders moes gedra. Ons ken dié bevele as die Tien Gebooie. Dit is op kliptablette geskryf en moes in 'n ark gedra word voor die Israeliete uit.